
VOLKSBLAD 13/11/2008



d dit op die
NEIL BAYNES

# Appèl kom teen Northgate-besluit

## *'Nadelig vir kleinflaminke'*

■ JANA ENGELBRECHT en HANNATJIE VAN DER MERWE

KIMBERLEY. – Die Red die Flaminke-vereniging gaan appelleer teen die Noord-Kaapse departement van toerisme, omgewing en bewaring se besluit om die omgewingsgoedkeuring vir die omstrede Northgate-ontwikkeling hier te gee.

Dié beplande ontwikkeling is naby die kunsmatige broei-eiland van die kleinflaminke van Kamfersdam naby Kimberley.

Die departement het in sy goedkeuring 70 voorwaardes gestel. Dit sluit in die bewaring van die flaminke en omvat ook die probleme by die nabygeleë Homevale-rioolaanleg.

Mnr. Jahn Hohne, voorsitter van die Red die Flaminke-vereniging, het in 'n verklaring gesê belangrike aspekte aangaande die ontwikkeling is uit die "rekord van besluit" gelaat. Daar is ook nie redes vir die besluit gegee nie.

Die sogenaamde versagtende maatreëls is heeltemal onvoldoende en ondoeltreffend vir die beskerming van die flaminke.

Van die kwessies wat nie aangeraak word nie, sluit in dat geen alternatiewe persele vir dié ontwikkeling behoorlik ondersoek is nie.

Dié ontwikkeling is buite die stedelike gebied in terme van die onwettige hersonering van grond.

Hohne het gesê dié ontwikkeling se invloed op geraasbesoedeling, watergehalte en die hoeveelheid water is onvoldoende ondersoek en is "potensieel katastrofies" vir die flaminke en hul broei-eiland.

Die gebruik van die groter flamink om die gewoontes en reaksies van die kleinflamink te voorspel is wetenskaplik onverdedigbaar.

Die korrekte en voorgeskrewe prosesse van die omgewingsimpakstudie van die biodiversiteit-ooreenkoms is afwesig aan die kant van die ontwikkelaars en die departement.

Hohne het gesê die skorsing van drie senior amptenare van dié departement kort voordat dié besluit geneem is, is om die minste te sê, sinister.

Hulle is met volle voordele geskors omdat hulle glo betrokke was of is by die veldtog om die flaminke van Kamfersdam te red.

Vroeër is gesê 'n hoë volume rou riool van die Homevale-rioolaanleg vloei in Kamfersdam.

Die departement het gister 'n nuuskonferensie gehou, maar die skorsing van die betrokke amptenare is nie bespreek nie.

Me. Pat Mokhali, hoof van die departement, en mnre. Julius Mutyorauta, direkteur: omgewingsbestuur, en Sibonelo Mbanjwa, adjunk-direkteur: impakbestuur, het die media se vrae beantwoord.

Dit was duidelik dat die appèlproses tyd gaan neem.

Die appèl is oop vir enigiemand wat belangstel.

Tot Maandag kan kennis gegee word van enige voorneme om te appelleer. Hierna word 30 dae gegun om die dokumente hiervoor in te dien.

Die appèlproses is die verantwoordelikheid van die Noord-Kaapse LUR vir toerisme, omgewing en bewaring en sy personeel.

Geen tydskedule bestaan vir die LUR se reaksie hierop nie.

Mokhali het gesê alle nodige faktore is in ag geneem toe dié besluit geneem is.

Van die voorwaardes of spesiale omstandighede wat verband met dié goedkeuring hou, is gister beklemtoon.

Die ontwikkelaar moet om 'n geïntegreerde waterverbruiklisensie by die departement van waterwese en bosbou aansoek doen voordat met bouwerk begin word.

Geen werksaamhede, insluitend die voorbereiding van die terrein, kan begin voordat die alternatiewe rioolstelsel in ooreenstemming met alle wette goedgekeur, gebou en in werking is en/of die bestaande Homevale-rioolstelsel verbeter is om sy vermoë te vergroot om bykomende riool te hanteer nie.

'n Bewys hiervan moet aan dié departement voorgelê word voordat met enige werk begin kan word.

As daar nie aan laasgenoemde voldoen word nie, sal die toestemming vir die ontwikkeling dadelik ongeldig verklaar word.

'n Eenheid bestaan in die departement van waterwese en bosbou wat toesien dat daar in sulke gevalle aan die voorwaardes voldoen word.

aap

monitor die

nme nie vol
opvangsge-
e damme 'n

Kaapstad na
moes gister-
seetoestande
e na veilig-
Liberty-seil-
middag om-
ndanks talle
e weer.
eni, die mu-
n die Bree-
, sê die R62
t weens oor-
istermiddag

lie skade mi-

1 Januarie,
ie plaaslike
wind gister
waai, terwyl
een 45 km/h

hierdie
spa
met laa
pry

20 sjokola
nou 1

40 sjokola
nou 3

